LAERSKOOL GOEDEHOOP

# Goedes Nuusbrief

GROEI EN BLOEI

NUUSBRIEF 24/2026



## Mnr Gawie sê sy sê...Ek het dit!

Die dogtertjie probeer om die doel in die netbalring te gooi. Ongelukkig was die dogtertjie nog klein en kon nie die bal hoog genoeg gooi nie. Die pa wys haar toe om die bal van onder tussen die bene op te gooi om meer hoogte te kry. Selfs dit het ook nie gewerk nie. Die pa het toe maar besluit om die dogtertjie op te tel sodat haar hande by die ring kan kom, vandaar kon sy net die bal inrol. Wat was die dogtertjie se reaksie? Ek het dit reggekry, ek het dit reggekry! Het sy regtig? Eweskielik vergeet sy van haar pa wat haar opgetel het tot by die ring. Dikwels is dit ook so met ons menslike pogings om gered te word. In werklikheid is die standaard te hoog vir ons as mens, omrede ons almal sondig is. God die Vader bring deur Sy liefde ons nader aan hierdie standaard deur Sy seun Jesus Christus. Self kan ons nie, ons kan baie planne maak, maar steeds sal dit nie werk nie. God se Gees wat in ons werk gee ons die vermoë om tot God te nader, en nader aan die doelwit te kom. Ons kan egter nie soos die dogtertjie uitroep, “ek het dit” nie. Ons moet uitroep, Jesus het dit! Hierdie mag ons aan die ander kant ook laat skuldig voel en die wete dat ons nooit goed genoeg sal wees nie. Wanneer hierdie gedagtes by ons opkom moet ons besef ja, ons is nie goed genoeg nie. God verwag egter nie van ons om goed genoeg te wees nie, Hy verwag van ons om in Jesus Christus te glo sodat die Heilige Gees in ons kan werk en sodoende te streef na Heiligheid.

## Week se Program

### 27 Julie 2026

- Krieketliga o/9 vs LS JJ vd Merwe (Tuis)
- Tennisliga vs LS Secunda te Sasolklub

### 28 Julie 2026

- Krieketliga vs LS JJ vd Merwe o/10 (Tuis), o/11 (Weg)

### 29 Julie 2026

- Hoëveldgroep Landloop

### 30 Julie 2026

- Hokkieliga D o/10, o/11 & o/13 vs LS Kruinpark
- Krieketliga vs LS JJ vd Merwe o/12 (Tuis), o/13 (Weg)

### 31 Julie 2026

- Goegieland: Funky Hoede-dag
- Hokkieliga S o/12 & o/13 vs LS Pionier (Tuis)
- Landloop te LS Kallie de Haas
- Skaakliga (Circuit Titans)

### 1 Augustus 2026

- Expo Regional te Ukhozi Lodge
- Goedes July
- Hoëveldgroep Krieket 6 aan ‘n kant
- Landloop ASA te LS Kruinpark
- Landloop Super 12 te Pta

### 1 tot 3 Augustus 2026

- Allegretto Provinsiale Kompetisie

### 27 tot 30 Julie 2026

- Eisteddfod Afr & Eng Skryfkuns

## Goegieland

Welkom terug! Baie welkom terug na 'n heerlike wintervakansie! Ons hoop elkeen het lekker gerus, warm gebly en is reg vir 'n nuwe kwartaal. Maak vas julle gordels… kwartaal 3 is hier, en dit beloof om 'n besige een te wees! Daar lê baie opwindende aktiwiteite en geleenthede voor, en ons sien uit daarna om dit saam met ons Goegies aan te pak.

**31 Julie 2026 - Funky Hoede-dag:** Ons eerste pretdag van kwartaal 3 vind plaas op Vrydag, 31 Julie 2026. Maats kan hul kreatiwiteit wys deur hul funky hoede skool toe te dra. Ons kan nie wag om al die unieke skeppings te sien nie!

**Eisteddfod:** Maats wat aan die Eisteddfod deelneem, word vriendelik versoek om hul gedigte gereeld tuis te oefen. Ons sal natuurlik ook tydens skooltyd saam oefen om hulle so goed moontlik voor te berei.

**12 & 13 Augustus 2026 - Plaasdiere-instappie:** Die koste beloop R65 en is reeds op die Karri-toep gelaai. Betalings sluit op 11 Augustus 2026.

• 12 Augustus 2026 - Plaasdiere vashou, voer en leer ken.

• 13 Augustus 2026 - Perdry

Ons sien uit na twee dae propvol leer en pret!

**Graad 0 Landsdiens:** Die Landsdiens vir Graad 0 begin die komende Woensdag. Wees asseblief op die uitkyk vir verdere inligting wat op die Landsdiensgroep gedeel sal word.

Baie dankie vir julle voortdurende ondersteuning. Ons sien uit na nóg 'n kwartaal vol groei, leer en onvergeetlike Goegieland-herinneringe!

Groete uit Goegieland

## Verwagtinge vir die 3de Kwartaal

Elk jaar besef ons dat die derde kwartaal baie geleenthede skep aan die kleiner aktiwiteite. Dit maak dat die kwartaal vinnig baie besig kan raak. Om hierdie rede is goeie beplanning van uiterste belang. Wees ook versigtig in u beplanning met die besluite wat u neem in die hoeveelheid aktiwiteite. 'n Goeie beginsel is dat dit belangriker is om beter klaar te maak as wat jy begin het, ons gee nie moed op in die middel van 'n seisoen nie. Ons moet egter die wysheid aan die dag lê om nie te veel aktiwiteite aan die begin te kies nie.

Die toetsreeks sal weer in Augustus 2026 begin, maak asseblief seker dat die kinders deurentyd op hoogte sal wees van die toetsrooster en ook watter werk voorberei moet word vir die toets. Kinders sal weereens in hierdie kwartaal verskillende take in die klas moet voltooi. Dit is die kind en die ouer se verantwoordelikheid om seker te maak die kind het wat nodig is om die taak te voltooi. Akademie is en bly van uiterste belang, die geheim lê in die dissipline om elke dag daai klein bietjie te doen. Die persoon wat elke dag goeie ritme handhaaf en sy/haar deel doen, raak nie agter nie. Ons wil u aanmoedig om deel te neem hierdie kwartaal en deel te wees van die span. Sit die pawiljoene vol en wees deel van die ondersteuningspan.

## Junior Algemene Kennis

Sterkte aan al die Graad 1-, 2- en 3-maats wat Dinsdag, 11 Augustus 2026 aan die Junior Algemene Kenniskompetisie in die saal gaan deelneem. Ons sal 14:00 die middag met die Graad 1-maats begin. Die Graad 2's en 3's sal daarna deelneem. Die boekpryse sal aan die wenners tydens 'n saalbyeenkoms oorhandig word. Lekker "Flink-Dink"!

## Toere Tydens Vakansie

Die vakansie is verby en ons sien uit na 'n heerlike kwartaal. Die afgelope vakansie was daar weereens 'n verskeidenheid van toere waar ons kinders kon ontwikkel. Ons glo en vertrou hierdie kon dien as goeie voorbereiding vir die liga. Ons is veral trots op ons twee o/12A-netbaldogters wat deel was van die Mpumalanga-span wat die nasionale toernooi gewen het. Ons is dankbaar om nog in die posisie te wees om te kan gaan toer, hierdie is 'n luuksheid wat ons vir so lank as moontlik moet bly beskerm. Ons is dankbaar vir personeel, ouers en donateurs wat hierdie toere steeds moontlik maak.

## Bergfiets

Die volgende fietsryers van Laerskool Goedehoop het seker die moeilikste baan tot dusver, met groot sukses, baasgeraak! Lumé, Marisa, Stian, Erik en Stephen het Saterdag, 18 Julie 2026, aan die SA National XCO- en XCC-kampioenskappe by Happy Valley in Bloemfontein deelgeneem en puik gevaar! Hulle het die volgende posisies behaal, en as mens kyk na die tye, het die leerders ons regtig verbaas, en gewys wat in hul steek.



**Nipper Seuns (o/10)**

| | | |
|---|---|---|
| Stephen Mouton | - | 11de |
| Erik du Plessis | - | 12de |
| Stian Storm | - | 20ste |

**Sprog Dogters (o/12)**

| | | |
|---|---|---|
| Marisa Mouton | - | 6de |
| Lumé Storm | - | 11de |

Dit is die eerste keer dat daar leerders van ons mooi skool aan hierdie wedren deelgeneem het! Selfs Alan Hatherly, Wêreld Kampioen fietsryer, wat 'n brons medalje verower het, was onder die top ryers teenwoordig, en moes op die einste baan ook ry! So wys jou net- as daar 'n wil is, is daar 'n weg! Ons harte bars van trots! Baie geluk, Goedes! Julle is kookwater!





| 27 Jul | 28 Jul | 29 Jul | 30 Jul | 31 Jul | 1 Aug | 2 Aug |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Vanes-Mari Botha<br>Ewan Koch<br>Khloë Bennett<br>Aiden Knoetze<br>Lian Schizzarotto<br>Marli Potgieter | | Jacques Beukes | | Alfie v Straaten | Kayla Briel<br>Mattias Viljoen<br>Dihano Annandale<br>Adriaan v Dyk | Ethan Small<br>Luan Vosloo<br>Suné de Lange |


# Landloop te LS Goedehoop

Op Saterdag, 18 Julie 2026 het LS Goedehoop die ASA byeenkoms aangebied. Hier het ons langasems ook goed presteer!






































**o/8-Seuns**

Kayla Badenhorst - 3de
Adelein Pretorius - 4de
Marli van Zyl - 9de
Lumandri Nel - 11de
Martiné Visser - 12de

**o/8-Seuns**

Harmand Marais - 1ste
Luhandré Cronje - 2de
Pienaar J v Rensburg - 3de
Ewan Schuir - 5de
Barend Pieterse - 6de
Michael Hobkirk - 7de

**o/9-Dogters**

Mianique van Zyl - 3de
Ameja Dalgleish - 6de
Thea van Rooyen - 7de
Lea Pruis - 8ste

**o/9-Seuns**

Rori Mokheseng - 1ste
Arlu Greeff - 2de
Mason van Jaarsveld - 4de
Handré Carstens - 5de

**o/10-Dogters**

Marelie Koch - 2de
Leandri J.v. Rensburg - 5de
Zanri Lötz - 6de
Mila du Plessis - 7de
Mioné Mostert - 8ste
Mia-né Smit - 9de
Wiané vd Berg - 13de

**o/10-Seuns**

Andrich Combrinck - 4de
Ruben Combrinck - 5de
Diandré Nel - 6de
Reuben Petzer - 8ste

**o/11-Dogters**

Charlize Labuschagne- 1ste
Lamoné Visagie - 2de

**o/11-Seuns**

Marno Campher - 1ste
Reinhardt Reyneke - 2de
Gabriel Vermeulen - 4de
Alexander Schnuir - 6de

**o/12-Dogters**

Emma du Plessis - 1ste
Hayley Louw - 4de
Liney Hartzer - 5de
Zani vd Merwe - 6de

**o/12-Seuns**

Stephan Koekemoer - 1ste
Clayton Schreuder - 2de
HW Meyer - 3de
Christiaan Hartzer - 6de

**o/13-Dogters**

Chloe Kleb - 2de
Mia van Eeden - 3de
Hailey Herbst - 4de






# Skaak

Die skaakoefening begin Maandag, 27 Julie 2026 (Maandae en Woensdae). Hierdie oefening is selgs vir al die ligaspanne. Daar is geen Beginnerskaakoefening meer nie. Sterkte aan al die ligaspanne wat Vrydag, 24 Julie 2026 deelneem aan 'n skaaktoernooi by Laerskool Leandra. Hou asseblief die kwartaalprogram op d6 dop vir oefentye en die volgende toernooie.

# Landloop te LS Secunda

Baie geluk aan ons langasems wat tydens Laerskool Secunda se byeenkoms op 27 Junie 2026 baie goed presteer het.




**o/8-Dogters**

Kayla Badenhorst - 3de
Marli van Zyl - 9de
Lumandri Nel - 13de
Martiné Visser - 15de

**o/8-Seuns**

Pienaar J v Rensburg - 1ste
Luhandré Cronje - 2de
Barend Pieterse - 4de
Cameron Louw - 7de
Daniel Müller - 8ste
Breyton de Preez - 10de
Ewaldt Vermaas - 13de

**o/9-Dogters**

Mianique van Zyl - 2de
Jana Steyn - 3de
Ameja Dalgleish - 6de
Thea van Rooyen - 7de
Lea Pruis - 8ste

**o/9-Seuns**

Arlu Greeff - 1ste
Rori Mokheseng - 2de
Handré Carstens - 6de

**o/10-Dogters**

Marelie Koch - 3de
Leandri J v Rensburg - 5de
Mioné Mostert - 7de
Mila du Plessis - 9de
Mia-né Smit - 10de
Wiané vd Berg - 12de

**o/10-Seuns**

Wessel Vermaas - 2de
Reuben Petzer - 3de
Diandré Nel - 7de
Zayden Borslap - 8ste
Janco Kruger - 9de
Wonga Tumane - 10de

**o/11-Dogters**

Charlize Labuschagne - 2de
Karla Coetzer - 3de
Simoné van Staden - 7de

**o/11-Seuns**

Marno Campher - 1ste
Gabriel Vermeulen - 2de

**o/12-Dogters**

Emma du Plessis - 1ste
Hayley Louw - 6de

**o/12-Seuns**

HW Meyer - 3de
Clayton Schreuder - 4de
Stephan Koekermoer - 5de

**o/13-Dogters**

Chloé Kleb - 1ste
Mia van Eeden - 2de
Hailey Herbst - 3de

**o/13-Seuns**

CJ Meyer - 2de
Nathan van Niekerk - 8ste

LAERSKOOL GOEDEHOOP
GROEI EN BLOEI

Goedehoop-Groete
Mnr Gawie van Niekerk
Prinsipaal